

Woensdag 30 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 6; Sagaria 1:8-17; 6:1-8

Fokusgedeelte: Openbaring 6:2

### Die eindtyd is vol oorlog en geweld

Die tweede seël word oopgemaak. Daar verskyn 'n ruiter op 'n rooi perd. Dit is die eerste agterryer van die oorwinningsruiter en sy perd. Wat sou mens verwag ná die oorwinning van die Here Jesus?

Die ruiter gaan om dood te maak en om alle vrede te versteur. Die perd en sy ruiter is bestem vir oorlog en bloedvergieting. Hy moet alle vrede op die aarde wegneem. Die Here gee dus op hierdie aarde nie vrede ná Jesus Christus se oorwinning oor die dood nie. Hierdie ruiter dra 'n swaard. Daar moet geweld losbreek. Mense moet mekaar doodmaak.

Hierdie gesig teken iets van die kerkgeskiedenis, veral soos wat dit aan ons deur die Bybel self geopenbaar word. In die Ou- en Nuwe-Testamentiese tye was die mense en volke altyd in onderlinge twis. Die kerk en die wêreld het dus nog altyd vanweë die sonde van sy lede die element van haat met hom saamgedra.

Die saak is dat die oorlog en die uitmoordery onder mekaar hier by die rooi perd nie net betrekking het op wat in die kerk gebeur nie, want die hele wêreld en elke mens daarop is hier betrokke. Al die oorloë en bloedvergieting is voorlopers wat saam opbou na die groot geveg van die einde - die slag van Armageddon. Daarom kan ons die hoefslae van hierdie woeste perd vandag oor ons aarde sien. Daar is bitter min plekke waar daar nie terroriste is wat oraloor mense doodmaak nie.

Die Here Jesus sê self dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar verdeeldheid - vyandskap. *Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar eerder verdeeldheid* (Luk 12:51, 1953-vertaling). Die onvrede en die oorlog wat deur die rooi perd en sy ruiter aangestig word, is dus die gevolg van die oorwinning van Jesus Christus.

Sing: Psalm 3-1:1

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)